



KAMMANUUS

'n publikasie van onsdorp.com

Nommer 261

15 Junie 2009

TOULEIER



Kosmopolitaanse braai in Sandkantland

Ek het die naweek uiteindelik so vêr gekom om 'n vuurtjie in so 'n baster vierkantige Weber aan te steek. Het so sewe stuks Kiwi tjoppies en sulke dun Amerikaanse beesworsies oor die gloeiende swartsepies uit Oz getrek.

Ek is 'n man wat vinnig braai. Daai lang gekuier om die braaivleisvuur het ek lankal uit my sisteem gekry. Genoeg al langs die studentekole en die Tafelronde se vure omgeval in die tyd toe ons nog voor die vleis gaar was.

Soos die keer met my finalejaar praktiese uitstappie op Maties. Ons het ons hele week se voorraad vleis die eerste aand opgebraai. Gesing, gedrink en gebraai tot die son opgekom het.

Deesdae is dit drink, braai, eet en gaan slaap. Al waarvan ek nie nou hou nie, is die baie goeie kole wat oorbly as ek klaar gebraai het.

Vandat ek hier geland het, koop ek al so met die oog 'n rooster wanneer ons gaan inkopies doen. Saterdag maak ek toe so. Val daar by die Franse hipermark Carrefour (kerriefor) in. Die hoogdrawendes wat Frans wil namaak, noem hom 'ka-foh', klink kompleteet of hulle van die Tronswhol af kom.

Daar is toe nie Charka of Blitz nie. Ek skaf toe maar 'n aansteekvloeistof in so 'n rooi 'n bottel aan en laai ook 'n pakkie brikette uit Australië in my trollie. Ja nee, hier braai ons sommer lekker kosmopolitaans. Drink tot 'n Chileense kabbirny sohwiengjô so saam met die vuurmaak.

Volg noukeurig die eers-opsput-en-dan-aansteek-instruksies op die bottel vuurmaak-sous. Eers maak ek die hokie houtskoolpille net skrik met die vloeistof. Met die aansteek is daar net so 'n ou lui, blou spiritsvlammetjie wat al om die kole lek. Vrek die vuurtjie toe ook sommer met die eerste windjie wat in ons agterplasie kom inloer om te kyk wie dan so rook maak.

Nou is ek maar bra katvoet. Die bottel sê baie duidelik: Moenie op 'n vuur spuit wat reeds brand nie. Sê nou net daar onder in die hokie sepies is daar nog 'n vonk of twee aan't smeul? Sit ek mos hoeka sommer baie naby die vuurtjie so op die trap in die bek van die sitkamer se glydeure. Op dié manier kan die êrkon my darem in die blaai afkoel terwyl die warm winde van die woestyn my laat sweet. Vat ek nog 'n teug van Chili se beste rooi.

Sommer gou skep ek moed en kry die vleislus die oorhand oor die banggatgeit. Spuit ek so 'n lekker dik straal op daardie kole met die rooi bottel petroleum-distillaat. Maar daai kole was morsdood. G'n niks vlamme nie. Ek maak dié keer seker die blokkies is goed deurdrenk en sopnat.

Steek weer 'n vuurhoutjie aan. Lyk skoon of daai walms die vlammetjie hier uit my hand uit kom haal. WOEM! blaf hy vir my soos hy vlam vat. Steier ek half terug in die eetkamer in. Mors darem nie die osbloedjies nie. Dink weer beangs aan daai dag wat ek die Groenpuntmeent aan die brand gestee het. Hoe ek met groot oë tussen die skare toeskouers staan en kyk het hoe die brandweeromies die veldbrand kom blus. Panikeer sommer weer van voor af.

"Pasop!" waarsku Kamermaatjie ook nog agter my. "Staan weg! As daai nylonbroek van jou begin brand, sal ons hom van jou moet afskraap!" Drogbeelde van ingebrande nylonletsels doem voor my op.

Staan ek maar liever vinnig terug. Ek vat sommer ook 'n groot teug rooi Chileense moed. "Maak vol, Skaap", gee ek die leë glas vir die skinker aan.

Ook maar Boertjie, ook maar lus, maak ek daai tjoppies sommer gou-gou gaar op 'n vuur wat nog gans te warm is.

Wanneer ek 'n paar ure later so knik knik begin visvang voor die TV, kom Kamermaatjie van buite af in. "Jy sal my nie glo nie," haal sy my uit die verlede aan, "maar daai kole is nou eers reg!"

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS



ROELFIE SLAAT RAAK

❖ Afskuwelike rassisme – sies!

DIE vreeslikste en verstikkendste vorm van rassisme het hom onlangs hier in Duskantland afgespeel, en dit nogal in die baie verligte wêreld van die teater.

Lat Roelfie julle vertel, maar lat hy julle ook ernstig waarsku: Wat hierop volg, is nie vir sensitiewe lesers nie - julle lees dit op eie risiko.

Die slagoffer is die swart akteur Unathi Dyantyi, en die aartsrassis en fascis is 'n wit meisie met die naam Carolyn Forword. Hulle was besig om 'n stuk vir skoolkinders op te voer, en toe weier sy om Dyantyi 20 sekondes lank oopmond te soen!

Stel jou dit voor!

Kyk, daar is die storie dat Vivien Leigh in die maak van *Gone With the Wind* geweier het om Clark Gable te soen omdat sy asem stink. Dit was oukei, want hulle was albei uit dieselfde laag van die voedselketting, en dus kon daar geen rassisme wees nie.

Maar me. Forword het om higiëniese redes geweier, en omdat sy gedink het dit stel nie 'n goeie voorbeeld vir die gehoor van graad drietjies nie - terwyl dit vir almal duidelik is dat die ware rede haar ingeboude rassisme is!

Roelfie sien net een manier om hierdie ernstige aantasting van menseregte reg te stel: Me. Forword moet van alle verhoë verban word, en Dyantyi se naam moet sommer nou reeds op die Muur van Herinnering in Tshwanetoria aangebring word as 'n held van die voortgesette struggle teen rassisme en apartheid.

► **Roelfie se buurman sê dis sulke dinge wat hom so ver regs maak dat die duivel gaan sukkel om hom met 'n verkyker te kry.**

❖ Kleurvolle volkies

SO op sigselwers was die opening van die volkiesraad sy gewone spektakel van kleure, klere en kos. Patrys de Lille van die OD het baie van die verkeerde soort aandag getrek met haar broekpak in skokkende blou, wat haar kompleet na een van die Kaapse Klopse se Nagtroepe laat lyk het.

Die president het met drie van sy amptelike vroue opgedaag. Die ander was seker besig om van sy 20(?) kinders groot te maak. En die mense was nogal krities oor sy hoofvrou se uitrusting, wat glo gelyk het of dit "haar moeilik laat beweeg".

► **Nou wil Roelfie darem net sê hy dink sy sal ook sônder klere nogal moeilik beweeg.**

❖ Beloftes en olifante

DIT lyk of die boodskap ná 15 jaar uiteindelik by die ANC uitgekóm het dat alles in die land besig is om in te konk. Al wat 'n nuwe premier en minister is, sien dit ewe skielik raak, en blameer 'n gebrek aan "kapasiteit" (let wel: nie beleid, swak beplanning en regstellende aksie nie) vir die probleem.

En die beloftes van hoe alles nou reggestel gaan word, spoel soos 'n tsoenami van die verhoë af.

► **Roelfie weet nie hoeveel mense daarvoor val nie. Wat homself betref: hy glo die ANC se beloftes net so ver as wat hy 'n olifant kan gooi.**

❖ Boeremusiek?

NOU toe nou! Val Roelfie mos amper in sewe paaielemente van sy stoel af oor die berig dat die swart jeugradiostasie YFM as deel van sy "regstellende aksie" op soek is na "'n vuurwarm wit seun" wat benewens Afrikaans en Engels ook 'n swart taal gedeeltelik kan praat.

Die stedelike radiostasie, wat van Rosebank in Johannesburg uitsaai, het 'n luistertal van meer as 1,4 miljoen mense en kan landwyd op DStv se radioboeket gehoor word.

► **Nou wonder Roelfie net of die seun so nou en dan dalk ook 'n Afrikaanse liedjie mag speel? Of wat van 'n stukkie tradisionele Boeremusiek?**

❖ Picasso

NUUSFLITS:

'n Sketsboek met sketse van Picasso is uit 'n Paryse museum gesteel nadat die kluis wat dit huisves, oop gelos is.

► **Om een of ander rede laat dit Roelfie beter voel oor die rekenaars en wapens wat in Duskantland uit polisie kantore gesteel word.**



Allegaartjie

MEDISYNE

UIT TOEKA SE DAE

OPIUM VIR ASMA



Hoekom sommige mans honde het

1. Jy hoef nooit vir 'n hond te wag nie - hy is 24 uur per dag gereed.
2. Honde dink jy is snaaks wanneer jy dronk is.
3. Honde hou van jag en visvang.
4. Honde word nie kwaad as hulle 'n ander hond aan jou ruik nie. Hulle dink net dis interessant.
5. Honde hou baie daarvan as jy goed op die grond vergeet.
6. Hoe later jy is, hoe meer opgewonde raak 'n hond'n Hond het nie ouers wat kom kuier nie.

BRAKPAN BRAAIPAK



Hoekom seuns pa's nodig het



KLAGTES AAN DIE 'COUNCIL'

André Dippenaar van Vredenburg - lees gerus ook sy AGTEROS! - het hierdie vertalings van klagtes aan die munisipaliteit ingestuur:

1. My bos is heeltemal oorgroei aan die voorkant en agterlangs is daar swamme.
2. Hy het hierdie groot ding wat die hele huis laat vibreer en ek kan dit nou nie meer vat nie.
3. Dis die hondedrolle wat ek moeilik vind om te sluk.
4. Die man langsaan het 'n yslike groot ereksie in sy tuin en ek kan dit net nie meer hanteer nie.
5. Ek wil reparasies hê aan my stoof want dit het opgevlam en my knop afgebrand.
6. Hul 18-jarige seun is gedurig besig om sy balle teen ons heining te stamp

OP KOMMANDO

STORIES UIT DIE ABO



Deur Lappe Laubscher

'n Volbaard was net die regte ding

Daar is een ding wat jy by al die generaals wat vir die ou ZAR in die Anglo-Boereoorlog geveg gekry het. Dit is 'n ruie volbaard. Wel miskien nou nie by almal nie. Die latere kommandant-generaal Louis Botha het byvoorbeeld sy baard se groei beperk tot 'n bokbaardjie.

Maar kyk maar na Piet Joubert, Koos de la Rey, Piet Cronje en sulke ouens. Almal het volbaarde gehad.

Byna soos figure in kinderbybels voorgestel word.

Selfs Paul Kruger het probeer om 'n volbaard te dra. Moeder Natuur het egter die ou president se pogings beperk tot 'n yl kenbaard. As jy sy poging om 'n baard te dra vergelyk met iemand soos generaal Koos de la Rey, het die president sleg tweede gekom.


Wat my weer laat dink het aan die ding van baarde dra by die ou Transvalers was 'n voorval vroeg in die Anglo-Boereoorlog. Ná die slag by Modderrivier het die Boere 'n klomp Kakies gevange geneem.

Nou as daar een ding was een ding wat die Boere nooit heeltemal onder die knie kon kry nie, was dit wat om met krygsgevangenes te maak. Toe die oorlog teen Engeland verklaar is, het niemand daaraan gedink waar om die Engelse te neem wat in Boere hande sou val nie.

Die Engelse het nie die probleem gehad nie. Hulle het die Boere eenvoudig na een van hul mindere kolonies verban. Kolonies soos Bermuda, Ceylon, Indië en St. Helena het almal kampe vir Boerekrygsgevangenes gehuisves.

Ná die slag by Modderrivier het die Boere die krygsgevangenes na die Vrystaat gestuur. Pres. Steyn was beslis nie lus om gasheer vir die ongenooide gaste te speel nie en hy het hulle na die Transvaal gestuur.

Hy het die twee van die senior manne wat die krygsgevangenes moes vergesel gevra om sy persoonlike groete aan pres. Kruger oor te dra.



Die slag by Modderrivier

As die president so sê, dan word daar so gedoen. Toe die Vrystaters egter by Kruger aan doen om hul president se mooi wense oor te dra, was hulle ontvangs nie te hartlik nie.

"Waar kom julle vandaan?" wou Kruger nors weet.

"Hoe dan nou so? Van die Vrystaat natuurlik, president," het hulle verbaas geantwoord.

"Nou vir wat is julle gesigte dan skoon geskeer. Julle lyk vir my nes daardie Kaapse mense. Hulle is almal Rhodes-mense. Al probeer hulle soms anders voorgee," brom Kruger nog steeds onvergenoegd voort.

NASKRIF: die Vrystaatse president, president M.T. Steyn, het self die Anglo-Boereoorlog soos 'n wafferse Ou-Testamentiese figuur heel komies met ruie baard en manel deurgemaak.



Dié week se giggels



BEKKIGE KIND

Die pa neem sy vierjarige dogtertjie eenkant, en sê:

"Ek sien die ooievaar het oor ons huis gevlieg, en ek dink hy gaan kort voor lank 'n bondeltjie plesier hier aflaai."

"Wel," sê die dogtertjie, "pappa beter vir mamma hiervan vertel."

"Pappa weet sy is swanger, en so iets kan haar so groot laat skrik dat sy 'n miskraam kry."

HOE LANK?

Die Trans-Karoo se kondukteur het sy groen vlag oopgerol toe die trein op die punt was om De Aar te verlaat.

Hy blaas op sy fluitjie en skree: "Almal aan boord vir Kaapstad!"

Net toe storm 'n jong man verby, gooi sy tas deur 'n venster en draai in sy spore om. Toe hy by die kondukteur verbyhardloop, skree hy: "Het ek tyd om my vrou te groet?"

"Wel," sê die kondukteur, "dit hang af. Is jy jy al lank getroud?"

VRYSTAATSE BOER

Die vliegtuig was op pad na die OR Tambo lughawe toe dit in 'n geweldige storm invlieg. Dinge word al rowwer, en een van die vlerke word deur weerlig getref.

Een van die vroue op die vlug haak heeltemal uit. Sy gaan staan voor in die gang en skree: "Ek is te jonk om te sterf! Maar ek het een laaste wens as dit dan moet: Is hier enigeen op die vlug wat my vir oulaas soos 'n VROU kan laat voel?"

Stilte. Almal kyk na haar. Toe staan 'n Vrystaatse boer agter in die vliegtuig op en stap vorentoe. Hy is aantreklik, lank en sterk gebou. Hy stap tot by die vrou, en knoop sy hemp stadig los.

Niemand praat of roer nie. Almal staar na hom en sy gespierde bolyf.

Sy sluk na haar asem.

Hy fluister: "Stryk my hemp, en bring vir my 'n koue bier."

Dinge wat Amerikaanse polisiemanne sê

"Ontspan. Die handboeie is styf omdat hulle nuut is. Hulle rekl uit as jy hulle 'n ruk gedra het."

"As jy jou hande van die kar afhaal, sal ek jou ID 'n waardelose dokument maak."

"As jy probeer weghardloop, gaan jy net baie moeg by die tronk aankom."

"Kan jy vinniger as 1200 voet per sekonde hardloop? Vir jou inligting: Dit is die spoed waarteen my 9 mm patrone trek."

SKOON LUG

Gehoor op Vishoek se strand: "Ek weet nie hoekom maak hulle so 'n bohaai van die Kaapse strande se skoon lug nie. In Johannesburg kan ons minstens sien wat ons inasem."

JUKSKEI

BAIE mans oor 40 speel jukskei. Eers juk hulle, dan skei hulle.

DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker





Die lewe in Anderkantland

In Rusland is net dooie klante goed

"Die klant het ons nodig, ons het hom
of haar nie nodig nie."

Hoeveel blondines verg dit 'n Moskouse winkel om een maskara aan jou te verkoop? Vyf. Sonder grappies. Vyf meisies kon tussen hulle skaars een klein boksie maskara vind, oplui en toedraai. Om my kleingeld uit te keer, moes hulle my 500 roebelnoot by 'n winkel daar naby gaan kleinmaak, skryf **Maria Antonova** in *MosNews*.

Tien jaar gelede het ek 'n potjie met 'n lugwaardin op Aeroflot geloop. Toe ek my teekoppie aanbied, snou sy my toe: "Wat? Wil jy hê ek moet jou tee op botter skink?" En dit net omdat ek vergeet het om die blokkie botter uit die koppie te haal.

Ek het toe besef jy hoef nie op land te wees om Moedertjie Rusland se grond te soen nie – jy kan die Russiese atmosfeer ook op 'n hoogte van 5 000 voet ervaar.

Want kliëntediens in die Sowjet-styl is nie net 'n oksimoron nie: Dis 'n lewende legende met ensiklopediese afmetinge.

"Sofkowi serwis" (Sowjetdiens) is die uitdrukking wat gebruik word om 'n kafee of winkel te beskryf waar die goue reël nie is dat die klant altyd reg het nie, maar dat "die enigste goeie klant 'n dooie klant" is.

Jy kom ook nie ver in klere- of skoenwinkels nie, tensy jy die supermodel Natalia Wodianowa is. Selfs al sê jy vir die assistent dat sy 'n teef is, en dat jy jou sake elders sal doen, sal sy net haar skouers ophaal en voortgaan om haar naels te vyl.

In restaurante is my groot irritasie die wyse waarop kelners jou bord voor jou wegruk. Jy is besig om die laaste happie met jou vurk na jou mond te bring – en wap! Weg is jou bord. Dit laat jou sonder 'n plek om jou vurk neer te sit. Die rede moet wees: Vat haar bord weg, anders bestel sy nie nagereg nie.

Supermarkte bied 'n ander uitdaging. As dit jou gewoonte is om jou beste jas aan te trek as jy gaan inkopies doen, sien die winkel se sekuriteitswagte jou aan vir 'n boemelaar wat die winkel besteel.

Swak kliëntediens is deels 'n Sowjet-nalatenskap: Jy kon nie jou geld elders neem nie, want daar wás geen ander plek nie. Daar was net een besigheid: die staat. Die gebrek aan kompetisie het gelei tot 'n traak-my-nie houding: Die kliënt het ons nodig, ons het hom of haar nie nodig nie.

Die ander groot probleem is diefstal. Al daardie sekuriteitswagte is nodig, want die klante betaal nie altyd nie.

Anastasia, lank 'n kelnerin in 'n duur eetplek, het my vertel van die professionele klaplopers (freeloaders): Mense wat hulle knuppeldik eet en dan net verdwyn. Sy het een keer 'n groep bedien wat 'n duisend dollar se kos verorber het. Toe gaan dans 'n paar van hulle, en nog 'n paar gaan toilet toe.

"Ek het gedink alles is in orde – hul jasse en sakke was nog by die tafel – totdat ek ontdek het al die sakke was vol papier opgestop!" vertel sy.

Anna weer, kla oor die eetgerei, borde en bekere wat uit haar restaurant verdwyn. Die ergste was toe 'n toiletdeksel ook voete gekry het.

Wat dalk verklaar hoekom hulle jou bord so vinnig voor jou wegruk . . .



MAKERIEPAS

Oumanne in die army: FRIKKIE SE AANVAL

Deur Wessel Ebersohn

En toe kom die groot dag. Die tema van die opleiding was Stedelike Terreur en die ou manne se rol in geval van 'n oorlog sou wees om die dorpe en stede te beveilig.

As deel van die opleiding moes ons geleer word hoë om op te tree wanneer die terries so 'n plek aanval.

Die skouterrein is omskep in 'n minidorp met 'n hoofstraat. Die hoofpawiljoen en 'n reeks klein sinkgeboue waar daar in skoutyd allerlei eetgoed verkoop is, het die linkerkant gevorm. Die voor- en sykante van die woonkwartiere was die regterkant.

In die middel was 'n skerp draai na regs, en die terrein was oortrek met plekke waar daardie sadistiese luitenant van 8 SAI sy *booby traps* met donderbuise, rookbomme en traanrookgranate kon stel.

Verder sou daar ook op strategiese plekke "terroriste" in kamoefleerdrag wees, asook *civvies* hier en daar. Ons is met loskruitpatrone uitgereik en is streng opdrag gegee om *nét terries* te skiet en nie die *civvies* nie. Makliker gesê as gedoen!

Die pelotonne is een-een deur die "straat" gejaag terwyl die ander buite sig, maar binne hoorafstand, gewag het vir hulle beurt.

Dit het soos 'n regte oorlog geklink, want behalwe die geraas van die heen-en-weer skietery en die bomme wat afgaan, is die soldate ook opdrag gegee om soveel lawaai moontlik te maak, glo om die "terroriste" te intimideer.

Die lawaai het erg op die ouens wat wag op hulle beurt, se senuwees gewerk en veral Frikkie, wat maar in elk geval 'n senuweeagtige siel was, kon dit byna nie uthou nie.

Toe ons beurt kom, storm almal skreeuend die straat af, skiet links en regs en bo en onder na alles wat beweeg, *civvies* inkluis, met Frikkie vooraan.

Hy't seker maar gereken hoe gouer hy begin, hoe gouer kry dit klaar. By die skerp draai gekom, hardloop almal in die regte rigting, al langs die kante af en skiet dat dit bars.

Almal behalwe Frikkie.

Ek weet nie of die man toe oë deur die rook en lawaai gestorm het en of hy maar net half in „'n beswyming van vrees was nie, maar by die draai hou hy reguit aan en hardloop in een van daardie sinkgeboutjies dat dit op sy fundamente bewe.

Hy het net daar neergeslaan en die medics moes vinnig spring om hom weg te kry.

Die duik agter in daardie sinkgebou het vir jare daarna nog daar gesit!

Ons peloton het nie wafferse punte gekry vir hierdie oefening nie.

SEPPIE deur Greg en Mort Walker





So 'n bietjie PITKOS



Trek **rooi** die meeste aandag?

Is rooi die kleur wat die meeste aandag trek? Is dit hoekom daar 'n rooi lig op verkeersligte, ambulanse ensovoorts gebruik word?

Nee. Die kleur wat die meeste aandag trek is eintlik 'n rooierige geel. Dit is hoekom geel-oranje bo rooi verkies word vir die reddingsgordels van skepe en vliegtuie.

Die patrone van seinpistole wat gebruik word om nood ter see of op afgeleë plekke aan te dui, gee ook 'n geel-oranje rook af.



Die wonderlike balpunte

Laszlo Biro het die balpunte in 1938 uitgevind. Destyds was die vulpen die enigste skryfinstrument vir permanente skryfwerk, maar sy ink was nie waterdig nie. 'n Enkele waterdruppel kon dus 'n hele geskrif verniel.

Biro het sy ontdekking gemaak op 'n besoek aan 'n drukpers, waar hy gesien het dat ink met 'n oliebasis pleks van 'n waterbasis baie vinniger droog word.

Die kapillêre aksie van die olierige drukkersink sou nie in 'n vulpen werk nie - vandaar die metaalballetjie as skryfpunt. Die wrywing van die roterende balletjie op papier het die ink in die vorm van die geskrewe woord versprei.

Eerste blikbrein was allemintig groot

Die eerstegenerasie-rekenaar is die ENIAC genoem (Electronic Numerical Intergrator and Computer) en is in 1945 deur ingenieurs aan die Universiteit van Pennsilvanië ontwikkel.

Hierdie beroemde, massiewe rekenaar het 18 000 buise gehad en het ongeveer 30 000 kilogram geweeg.

Deesdae weeg die kleinste rekenaar slegs 345 gram, en dit sluit sy battery in.



AFRIKAANS is mos my taal

Die herkoms van uitdrukkings

BLOU MAANDAG

Nee, dit het niks met wasgoed en wasdag te doen nie. Die byvoeglike naamwoord *blaauw* het in die Middeleeue en ook later die betekenis "nietig" of "van min waarde" gekry. 'n Blou Maandag was dus 'n Maandag van geen besonderse betekenis nie, terwyl Sondag die feesdag was waarop daar nie gewerk is nie.

DOWE NEUTE

Iets nie om dowe neute doen nie.

In Nederlands is 'n *dowe noot* 'n leë neut, dus sonder inhoud in die dop. 'n Mens doen dus nie moeite vir 'n nuttelose voorwerp nie.

WIT OLIFANT

In die ou Siam (Thailand) is 'n wit olifant as heilig beskou. As 'n howeling 'n koning geïrriteer het, het hy 'n wit olifant as geskenk gekry. Omdat die dier heilig was, moes hy genoeg kos en water kry en het hy ook nie gemag werk nie.

En dan het hy tot 250 kg kos per dag verorber!

Liewe Jesus

Van al die mense wat al vir U gewerk het, hou ek die meeste van Noag en Dawid.

Robert



Kammanuus se lesers vertel

"Skryf vir ons stories, en vertel," het ons in Kammanuus 260 gevra. "En stuur sommer 'n foto saam." Twee dae later het **Alet (Van Staden) Lewis** gereageer:

Badtyd op Dankbaar



Ek woon al sedert 1991 in Amerika (Kalifornië). So dan en wan as ek na die Afrika-son verlang, skryf ek my herinneringe op 'n skryfblok neer om die verlangete te tem. Hopelik sal my kinders en toekomstige kleinkinders eendag darem 'n stukkie Ouma-legende lees. My Oupa en Ouma het in Graaff-Reinet geboer op die plaas Dankbaar geboer, en vir my as stadskind van Bloemfontein was die vakansies op die plaas die heel lekkerste herinneringe van my kinderjare. My niggies en nefie het dan ook gaan kuier en ons kinders kon almal saam lekker kattedwaad aanvang, sommer so blatant onder die kuierende grootmense se neuse.

Hier is een van my kinderjare-stories:

Badtyd op Dankbaar is 'n wonder wat begin met 'n paar stompe in Oupa se swart vuurmaak-geyser. Eers wanneer Graaff-Reinet se brakwater kook en die groot badkamer met sy hoë hoë plafon lekker stomend warm is, word die klein kraantjie gierts-gierts oopgedraai sodat daar darem 'n lekseltjie warm water die bad invloei. Met my sussie en twee niggies saam in die bad gebondel, stoot die lekseltjie water darem effens hoër op sodat dit amper ons boudjies bedek. Maar 'n mens voel mos nie die koue as jy so gesellig saam bad en grootmeisie-wondere bedink nie.

"Smeer meer seep," sê 'n niggie, "dan gaan jy eendag groot tieties kry".

So smeer ons seep, todat ons van kop tot toontjies soos verrimpelde rosyntjies lyk en die water koud en galsterig aan ons lyfies kleef. Later kom ma ons kamma vieserig die bad uitboender, tot môre, wanneer ons weer grootmeisie-wondere kan bedink.

(Dankie, Alet! Jou pragtige mens, kyk hoe steek jy die ou spul luies in die skande! Laat hoor gerus weer van jou, dit klink mos of jy 'n skatkis vol herinneringe het. – Hennie.)



STAMBOOM

Waar pas jy in?

Gaan gerus na *Onsdorp* www.onsdorp.com/stamboom Jy sal die wagwoord *boomstam* moet gebruik om toegang te verkry.

Hier is die besonderhede van die jongste familiespeurders:

BETHGE

MaureenS@TSHWANE.GOV.ZA

My pa was van Duitsland, Rosa Bethge. Oorlede toe ek 8 maande oud was. Daar was nog 'n broer. Verlang verdere inligting oor my pa se familie.

ETSEBETH

deliae@stbb.co.za

Sal graag meer wil weet van die Etsebeth-stamboom.

FOURIE

johan.jvrensburg@gmail.com

My voorgeslagte het met die Fourie's getrou en was woonagtig in die Brits/ Rustenburg omgewing. Doen jy dalk die been? Kontak my asb.

LOURENS

stompie@ukhahlamba.gov.za

Van die Kaapse Lourense. Familie het waarskynlik van Duitsland gekom en hoofsaaklik in die Suid-Kaap gevestig.

MULDER

eldorado@telkomsa.net

Daar het 19 Mulder-families vanuit Holland na Suid-Afrika gekom. My oupagrootjie was Frederik Swerus Mulder. My Oupa was Johannes Jakobus, my pa was Stefanus Johannes en dis ook my name. Enige inligting of konneksies sal waardeer word. Ons is van die Kaapse Mulders!

MULDER

jgburger@telkomsa.net

Johannes Jacobus en Christoffel Gerhardus is ons algemeenste name.



Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

Vandag se resepte is, soos belowe, vir diegene wat van die werk wil af kom en sommer dadelik 'n tuisgemaakte bord kos wil inskep, sonder om eers voor die kospotte hoof in te skuif! En die porsies is boonop groot genoeg sodat daar sal oorbly vir nog 'n keer se eet! Vries of bêre dus 'n porsie daarvan vir nog 'n aand se mikro-opwarm!

Die volgende resepte is geskik vir voorbereiding in 'n prutpot (Slow-Cooker) of in 'n keramiekpot in die oond. (Argilla-potte werk uitstekend.)

Wanneer jy hierdie geregte in die oond wil maak, kan dit so teen 14:00 in die oond gesit word op 150-180grade en dit sal gereed wees teen huistoekomtyd.

Oondtye het gewoonlik sowat 2-3 ure baktyd nodig. Gebruik dus die oond-metode oor naweke of wanneer jy nie te haastig is nie. Kos is gaar wanneer daar nie meer bloed uit die vleis kom as jy dit langs die been oopsny nie en wanneer die sous heilsaam dik en geurig is.

Dit kan ook oornag teen 150 grade gaargemaak word en die volgende oggend afgekoel en in 'n yskas gehou word vir opwarming ná werk, maar dit is nie die ideaal nie.

Kerrie (en rys)

Braai uie tot sag en goudbruin in pannetjie op stoof. Roer daarby 1-2 t kerrie, 1t. borrie, 1t. gemengde vleisspeserye, sout en peper, ½ k. appelkooskonfyt en ½ k. sultanas.

Plaas vleis (beeskook, skenkels, skaaprib, maalvleis) onder in pot (of bo-oor rys en water in pot).

Bedek vleis met 'n lagie aartappels en 1k. gevriesde gemengde groente.

Skep nou uie en spesery-mengsel bo-oor.

Sit pot se deksel op, stel op outomaties of medium hoog en gaan werk!

Hoender (en rys)

Strooi bietjie bruin uiesop-poeier onder in pot of bo-oor rys. Peper na smaak. NIE sout nie - die soppoeier het genoeg in!

Bedek met lagie opgesnyde 2 wortels, 2 aartappels, 500 g sampioene en 1 ui. Strooi lagie bruin uiesop-poeier bo-oor.

Plaas nou 5 hoenderporsies (of tjoppies of frikkadelle) bo-op groente, nog soppoeier, vleis- of hoenderspeserye en nog 125 ml water.

Sit deksel op, sit pot aan en gaan werk!

Skaapnek

6-8 skaapnek-skywe

200 ml koekmeel, sout, peper en aromat

3 ryp tamaties in skywe gesny.

1 groot ui in ringe gesny.

100 ml blatjang, 50 ml tamatiesous en 200 ml water.

Meng meel en speserye in plastieksak en skud die nekskywe daarin tot goed bedek met meel en speserye.

Pak nou lae vleis, tamatie en uie in pot.

Meng die blatjang, tamatiesous en water en gooi bo-oor. Sit deksel op en laat prut tot jy huis toe kom!

Boontjiedredie

Ja, jy kan ook hierin klein stukkies skenkelvleis of spek heel onder in pot sit!

Meng 2 k. gekerfde groenbone, 3 middelslag aartappels in blokkies, 1 gekapte ui, 1 gekapte tamatie, 2 e. margarien of 2 e. room, sout en peper na smaak.

Bedek en laat prut!

Liewe Jesus

Miskien sou Kain en Abel mekaar nie so doodgemaak het as hulle elkeen sy eie kamer kon hê nie. Dit werk vir my en my broer.

Paul

Liewe Jesus

As U my Sondag in die kerk sal dophou, sal ek vir U my nuwe skoene wys.

Mickey



BRIEWEBUS

Kammanuus se lesers aan die woord

E-pos aan pos@onsdorp.com en verstrek asseblief jou naam, van en tuisdorp. **Briewe word onveranderd geplaas.**

Tandedokter op Modder Eiland

Retha Beeken, Modder Eiland:

Naand 'oom' Hennie

Nadat ek na die 'kiekie' gekyk het van onse 'burgemeester' so gekyk het, het ek besluit ek sal maar die 'jeug' verteenwoordig!

Ek geniet die Kammanuus terdeë en stuur so nou en dan 'n ietsie aan. Ek kry nou die dag 'n e-pos met 'n snit waarie egpaar per ongeluk mekaar se kunstande ingesit het. Hulle kom dit toe eers agter toe hulle aan die brekfistafel vir mekaar glimlag.

Baie van ons mense in Katar salverbaas wees om te hoor hoevel egpar nie eerste bewus is dat een of albei 'n kungebit het nie

Ek is in Engeland doenig in 'n tandartspraktyk, tipies en trots Suid-Afrikaans. die eienaar is van Mpoepallankal.

Vanaand weer gebraai met die rugby, en-daar kry die Sharks toe 'n Ingelse pak.

Hierdie praktyk was Januarie vanjaar bekroon as die beste onder die bestes vir 2008. Ons SA pasiënte vier fees saam ons!

Dokter bied webinars aan om ander kollegas te motiveer!! Onderhoude word gedoen en direk op die net uitgesaai.

(Is dit waar dat al die Engelse sulke skewe perdetande het wat hulle skynbaar van die Hollanders gekry het, of hoe loop die storie?

Vertel ons gerus meer! – Hennie.)

Vroeër het die einste flukse vrou geskryf en laat weet sy voel; soos 'n gas in ons sitkamer:

Baie dankie vir jul opofferings!!

Sien uit om die nuusbrief te ontvang. Op stadiums vanmiddag gelag dat die trane loop soos ek op jul webtuiste al die oulike humoristiese bydraes gelees het.

Wonderlik om in die vreemde en weg van geliefdes soos 'n gas in jul sitkamer te voel. Doen so voort.

Medisyne vir Maandag

Judy Koen, Lethaba:

Goeie dag. Het ek al ooit vir jou gesê jy is 'n *special shining star*? Dan sê ek dit vandag.

Waar gaan seek (en kry) 'nmens iemand wat soveel omgee en uit sy pad gaan om ander gelukkig te hou? Baie dankie vir my nuusbrief. Dis presies

wat ek nodig het vir hierdie *Monday blues* wat so vroeg al kop uitsteek!

Ek glo ek sal nou kan oorleef.

Ek waardeer dit opreg.

Lekker dag en groete vir Kamermaatjie.

Kammanuus in Taiwan

Wynand du Plessis:

Dankie weer eens vir 'n uitstekende aflewering. Ek en my ou anderhelfte geniet elke Kammanuus terdeë. Ek het selfs met die vorige uitgawe van die statistiek oor

Kanada 'n mondelikse taak gemaak vir een van my kollegas se kinders.

My kind in Taiwan lees ook nou Kammanuus – sy dring daarop aan dat ek dit vir haar stuur.

Opregte Kammagroete van my gesin!



Betalings vir Kammanuus ontvang

Baie dankie aan die volgende lesers wat hul jaarfooitjie van R120 vir KAMMANUUS per kredietkaart betaal het:

Werna Maritz
Dave Barnard
Danie Taljaard
Coenie Grobler

Jacobus Bezuidenhout
Helgard Cronjé
Louise Venter

AGTEROS

Lakenskeur op Gannakolk

Deur **ANDRÉ DIPPENAAR**

"Skoon oordraad gevreet aan boontjiesop en roosterkoek.
Maag so onstuimig soosie see was daai aand wat oorle
Petrus oppie water traai loop het."

STAAN ons op 'n dag somer so in die kombuis en koffie drink. Gooi oompie Doors syne in die piering. Slurp dit. Klink amper soos daai laaste bietjie water wat uit 'n bad uit gorrel.

Bekruip ek die ou en vang hom ampers aan die verkeerde kant van die skrum. "Oompie Doors", sê ek, "vertel bietjie vir die manne van daai keer toe Oompie kliphard loop staan en laken skeur het onner gebed by die huiskerk op Gannakolk."

Loop die ou se koffie somer gelyktydig by sy slukderm en longpype in. Kos dit vir Ben Donkie die ou tussen die blaai loop staan en klap. Klap Ben hom opslag uit sy verstikking en sy piering vol koffie uit. Loop ruk die ou amper dood soos 'n Lister enjin met sand in die tenk. Lyk dit of die ou rou soos daai verstiktrane teen sy wange afloop.

"Kêrels", hyg die ou, "daai wassie 'n grappie. Hou ons mos wykskerk in die Gannakolk wyk by die oorie oompie Sampie de Bruin-goed oppie plaas. In die waenhuis vergader ons wyksmense. Vat Oudoom voor. Sit ek op 'n riempiestoeltjie. Lê oom Sampie se hond, Waslap was die ding se naam, onner die stoel."

"Het ek mos van die begin af met die probleem op daai stoeltjie gaan sit. Skoon oordraad gevreet aan boontjiesop en roosterkoek. Maag so onstuimig soosie see was daai aand wat oorle Petrus oppie water traai loop het. Issie branners nie so hoog nie, maar issie wind stormsterk verby. Loop en huil eintlik so deure kanale en gate hier in my binnekant."

"So issie mos net toe Oudoom die byeenkoms van die gelowiges aan die Liewe Vader beginne opdra, latie wind land loop staan en kry. Laat sak ek stilletjies my regterhand onner my boude in ommie knypers by te staan. Niks gemakie. Skeur eerste vlag stormwind soos 'n laken strand toe. En somer nie net vir skeurie. Duidelik hoorbaar soos daai slag wat die voorhangsels van die tabernakel loop staan en padgee het."

Vertel Oompie lat hy somer so sit en bid lat Oudoom heelnaag deur met sy gebed moet aangaan. Sien hy nie kans ommie mense in die oë te kykie. "So skaam soos wat oorle Adam was daai slag wat sy vyeblaar weggewaai het lat hy eintlik kaalgat agter die brandende braambos loop staan en wegkruip het," bieg oompie Doors.

"Kom jaag tweede sarsie stormwind kloof af. Glip deur die siwwe. Hierie keer meer bedaard. Klink amper soos 'n sakdoek wat skeur. Loer oorle oompie Sampie oor sy knypbrilletjie. "Waslap!" grommie ou. Maak dit my oorgerus. Dink oom mos dissie hond. So gooi ek min wal teenie volgende aanslag. Lig eintlik my linkerboud so effe van die stoel af latie wind makliker koers kan kry tussen die rieme deur. Skeurie tabernakel se gordyne somer so in die dwarste!"

Dis daai slag wat oompie Sampie opslag die diens loop staan en onnerbreek. "Skies Dominie", sê die ou. "Waslap" skrou die ou, "voetsek onner daai stoel yt, netnou loop staan en skyt Doorsie op jou kop!"

Balk Ben Donkie lat hy oorie kombuis se onnerdeur loop staan en val.

Sluit oompie Doors af. "Kêrels, daai aand toe ons by die huis kom, sê my oorle pa met 'n begrafnisstem: 'Doors! Buk, hante oppie kieë en mik met daai bouse boude sountoe, weg van my af.' Loop staan en dryf hy die laaste bietjie flou asemies van die boontjiesop-stormwind hou-vir-hou met die stuk osriem uit my uit.

Die volgende KAMMANUUS is op 29 Junie